

Huisgenoot se kortverhaal: Koue pampoens | Huisgenoot

[Send to Kindle](#)

Laat hier asseblief tog water wees! dink ek desperaat met 'n kurkdroë keel toe ek die huis sien. Dit kom nou van te veel biltong eet vir ontbyt. En dan vergeet ek boonop my waterbottel! Dis broeiend warm. My ligbruin poniestert hang swaar en klam in my nek. Ek trek my pet laer oor my kop.

Ek wóú mos afwyk van die voetslaanpad op die Klein Karooplaas waar ek tuisgaan, en dít agter interessante vetplante aan. Ek is immers 'n tuinboukundige. En nou bevind ek my by 'n verwaarloosde ou huis versteek tussen die bome. G'n mens of dier is sigbaar nie.

Ek begin die waterpype teen die muur langs volg hopende om 'n kraan te vind. Party vensters is toegespyker met hout. Onder 'n baldadige pers bougainvillea raak 'n staldeur met afgeskilferde verf sigbaar. Gedryf deur dors klop ek versigtig. Dis grafstil. Ek draai die deurknop en die deur knars oop. “Hallo! Is iemand tuis?”

Ek tree in 'n kombuis en plak my pet en foon neer langs die opwasbak. Dan slurp ek sommer die water direk uit die kraan tot my dors geles is. So tussendeur die drinkery vorms die angskielik 'n knop in my binneste. Kobus, my gasheer en jarelange vriend, se woorde weerklink ineens in my binneste. “Bly net op die paadjie, Elmarie, en jy is veilig tot bo-op die koppie vir 'n pragtige uitsig. Maar moenie te lank draai nie – die weer steek op.”

“Terloops,” het hy voort gegaan, “ons een buurman het glo twee mense met sy hommeltuig gekiek in die bos teen die rantjie . . . Dit lyk glo soos die vlugteling wat gesoek word in verband met die moord op een van ons kontrei se boervroue, Hettie Steyn. Dis skynbaar 'n tipe Bonnie en Clyde-paartjie.”

Ek het net met 'n halwe oor geluister. Kobus het 'n onberispelike sin van verantwoordelikheid jeens sy gaste. Sy vrou het hom drie jaar gelede ontval, en hy het 'n puik spannetjie om hom met sy boerdery en gastehuis te help. "Hettie het lank genoeg geleef om haar aanvallers te beskryf," het Kobus verder gesels. "Dis glo 'n Skandinawiese paartjie op vlug van die gereg in hul eie land. Hulle het 'n plaashuis agter die rantjie gehuur, en toe die polisie op hul spoor kom, verdwyn hulle soos groot spelde.

"Hier's mos baie wegkruipplekke, en die voortvlugtiges is miskien lank reeds landuit, het sy gedink, maar vrolik oor haar skouer groep: "Dankie, Kobus, sien jou later!"

Dis my vakansie, en ek wil niks van die wêreld en sy probleme weet nie. Nou verdonker stapelwolke die son. In die vreemde gelerige lig rammel die donderweer in die verte. Jy's 'n oortreder, Elmarie, gee pad. Maar die nuuskierigheid kry egter die oorhand. Watwou, ons mense skrik mos nie vir koue pampoen nie!

Die gangvloer kraak onder my stewels.

Die deur was ongesluit – hier moet dus tog iemand wees! Dalk 'n lyk? My arms raak hoendervel. Dan hoor ek 'n geluidjie, amper soos 'n skarnier wat olie kort. Dit prik agter my blaaië en my knieë voel rubberagtig. Ek vóél die teenwoordigheid van iemand aan. Ek stap saggies deur die huis en loer om die laaste deur, snak dan na my asem. In 'n deurmekaar bed lê 'n man met die lakens hoog opgetrek tot teen sy ongeskeerde gesig. Hy's blond, bleek met blou oë en 'n skraal gesig. Hy staar my uitdrukkingloos aan. Dis toe dat ek lewe kry, die gang afvlug en oor die werf laat spaander.

Oor my skouer sien ek die man, pateties in net 'n kortbroekie, wat my volg. Ek koes onder die lendelam afdak in. Die weer dreun naderby en yslike reëndruppels begin neerplof. Met jaende asem en natgeswete lyf voel ek die krieweling soos van rooimiere tussen my blaaië. Ek's aan die verkeerde kant van

40 en die bloed dreun in my ore. Nog 'n paar tree en ek rol af oor die wal tot in die sloot waar my kaal bene teen klip en dorings skaaf.

Ek sukkel orent en tas na my selfoon in my kortbroeksak. Dis skoonveld. Dan tref dit my dat dit seker nog in die kombuis langs die kraan lê. Ek móét dit terugvind – my hele lewe is daarop vasgevang. As ek teen daardie muur al langs die waterpyp kan sluip, om die kombuisdeur loer en my foon gryp . . .

Die vent het sekerlik gaan aantrek om my behoorlik te verwilder. Toe ek met jelliebene twee treë in die kombuis gee en my foon gryp, hoor ek voetstappe in die gang en terselfdertyd motorbande wat kraak op die gruis buite. Nou is ek behoorlik tussen 'n rots en 'n moeilike plek. Met een tree is ek in die spensie waar ek myself versteek in die voue van die lang gordyn wat dien as 'n afskorting.

'n Vrou blaf iets in 'n vreemde taal en 'n manstem grom onderlangs. Hulle beweeg so naby my verby dat ek hulle sweet kan ruik. Dit klink soos gewere wat oorgehaal word. Wat het my besiel? En dit oor my foon! Skielik dring 'n skokkende besef my binne. Hierdie nes waarin ek beland het, is miskien daardie twee . . .

Voor dit kan insink, dreun 'n helikopter nader, motordeure klap, stewels knars en 'n stem basuin uit “Polisie! Julle is omsingel. Kom uit!”

Daar is 'n geskarrel van voete en 'n skoot klap so naby dat die breekgoed ratel. Pandemonium breek uit. Meer skote knal. “Oppas, Rassie!” bulder 'n manstem, gevolg deur 'n bloedstollende gekreun. 'n Skoot tref die kombuiskas langs my dat die skerwe spat. Ek voel dis sekerlik my einde . . .

Nog twee skote volg en dan plof liggame, dof en swaar, op die vloer neer. My bloed wil stol. Die stof in die swaar gordyn irriteer my neus sodat ek in 'n onwillekeurige nies ontplof. En toe lui my selfoon. “Wragtie! Nog een!” bulder dieselfde stem. Die gordyn word so hardhandig weggepluk dat ek my balans verloor en met my kop in 'n plas bloed val. Ek kyk in die starende oë van 'n

blonde vrou, skynbaar dood. Langs haar lê die blonde man met 'n grusame skietwond aan sy kop. En van iewers buite my sig kom kreungeluide.

My selfoon skril steeds aanhoudend. Die polisieman gryp dit en vra bars “Wie’s jy? ’n Handlanger? En wie’s Kobus?” Hy beduie na my foon. Ek kan skaars praat. “N-nee! E-ek het verdwaal! V-vra vir K-Kobu . . .”

Die laaste wat ek sien voor ek my bewussyn verloor, is die polisiebeamptes in ’n semi-sirkel om my. Soveel dubbelkenne van hieronder af . . .

Dis hoe dit gekom het dat ek my kosbare vakansiedae in die plaaslike hospitaaltjie deurgebring het om te herstel van ligte breinskudding en skok. Dit wás toe die voortvlugtige paartjie wat ’n plaashuis gehuur het van ’n uitstedige boer, en dis hoe die polisie die huis in die bos ontdek het. Ná Hettie Steyn se dood was dit die perfekte skuilplek vir hulle. Hulle het haar beroof en toe sy alarm maak, skiet hulle haar summier.

Toe hulle uiteindelik deur die polisie hier vasgekeer word, het hulle losgebrand en die een konstabel op die werf noodlottig gewond. Hy is in die hospitaal oorlede. Die polisie het waarskuwingskote gevuur, maar toe skiet Bonnie en Clyde hulself dood en ek val neer langs hul lyke. Dit sou daar geëindig het, maar Kobus was boos en het my eers deeglik geroskam. “Ek het jou uitdruklik gewaarsku om op die paadjie te bly!”

Deurentyd was hy om die beurt soos ’n hond met sy stert tussen sy bene en ’n beer met ’n seer tand. Ek kon nie my kop beweeg sonder erge duiseligheid nie, en ek het baie geslaap en min onthou. “Jy het geen keuse as om by my te kom aansterk nie,” sê hy fronsend toe ek uit die hospitaal ontslaan word. “Ek moes omtrent jou saak bepleit dat jy nie gearresteer word nie. Wáárom foeter jy rond op vreemde grond?”

“Die grensdraad was stukkend op een plek,” probeer ek swakkies skerm. “Ek wou net na die plante kyk. In enige geval, wat van my tuin en kosbare plante tuis, en my kat?”

Ek is verplig om op sy arm te leun. “Vergeet daarvan! Jou buurvrou sal sorg. Als klaar gereël.”

Sy dik hare skitter silwer in die son. Ek voel bitter jammer omdat ek sy lewe so omvergewerp het. Hy moet dink ek is ’n malkop middeljarige vrou. In sy motor neem hy my een hand en sug sidderend soos ’n herfsboom in die wind. “As ek jou moes verloor . . .” sê hy en kyk vir my op ’n heel nuwe manier aan.

Sy innerlike konflik het skynbaar plek gemaak vir iets anders, iets wat moontlik wag op ’n teken dat die winter verby is. Die gewaarwording slaan my voete skoon onder my uit. Ek is dankbaar vir ’n sitplek onder my. En ek het gedink dat ek, geswore en geskeide beroepsvrou en getroud met my loopbaan, nie skrik vir koue pampoen nie.

Maar wat as die koue pampoen nuwe moontlikhede inhou?

- Wil jy jou kortverhaal vir Huisgenoot stuur? Klik hier vir meer inligting.
- Is jy ’n boekwurm? Teken sommer nou in om deel van die “Huisgenoot Boekklub” te raak – ’n nuusbrief met al ‘Huisgenoot’ se boeknuus en ’n heerlike maandelikse boekbesoek deur ’n bekende.

Teken in op ons nuusbriewe

Kry die dag se sterkste stories, die week se lekkerste resepte, die maandelikse nuus oor modes, boeke, schoolsake en hartsake. Teken nou in!

<https://www.netwerk24.com/huisgenoot/vermaak/kortverhale/huisgenoot-se-kortverhaal-koue-pampoen-20220524>